

## Die wêreld in een oogopslag

**Die luukse vaartuig *The World* gisteroggend op pad na die Kaapstad-hawe. Die skip, die wêreld se grootste "woonstelgebou op water", huisves 165 unieke wooneenhede wat wissel van ateljee- tot drieslaapkamereenhede. Die skip het Rio de Janeiro in Brasilië op 13 Februarie verlaat en sal nog tot Sondag in Kaapstad vasgemeer wees.** Foto: JACO MARAIS

# Sasol betaal om Transnet-treine te laat loop

**Francois Williams**

Sasol en Transnet Freight Rail (TFR) het 'n unieke openbare-private vennootskap aangegaan om die vervoer van Sasol-produkte te verbeter.

'n Ooreenkoms van vyf jaar is gesluit ingevolge waarvan Transnet 'n toegewyde vloot van 128 tenkwaens gaan gebruik om ammoniak van Sasol se Secunda- en Sasolburg-aanleg aan Sasol-kliënte te lewer. Sasol sal dan die instandhouding en herstel van die treinwaens finansier.

Dit is 'n voorbeeld van hoe die private sektor die laaste tyd inspring om die impak van verswakkende logistiek te versag.

Steenkooluitvoerders begin ook met Transnet saamwerk om die veiligheid en betroubaarheid van die spoorlyn tussen Mpumalanga en Richardsbaai te verbeter. Die staalgroep ArcelorMittal help Transnet weer om treindienste te verbeter omdat hy afhanklik is van die vervoer van ystererts na sy aanlegte. Die ysterertsgroep Kumba help om veiligheid te verbeter op die Sishen-Saldanha-spoorlyn, waar kabeldiefstal treindienste ontwrig.



**Trein-tenkwaens soos dít word gebruik om ammoniak te vervoer.** Foto: RWE

David Mokomela, hoof van basis-chemikalieë van Sasol, sê die vennootskap met Transnet is 'n belegging in die land se spoorinfrastruktuur.

"Dit sal die diens aan ons kliënte verbeter en sal ons die vervoerkapasiteit en betroubaarheid gee om op die groeiende markvraag te kan reageer."

Russell Baatjies, waarnemende uitvoerende hoof van TFR, sê die strategiese vennootskap met Sasol wys wat moontlik is danksy samewerking. "Ons waardeer Sasol se steun. Dit is 'n belangrike stap om die kapasiteitsuitdagings aan te pak en om die lewering van ammoniak per spoor te beskerm, want dit is 'n belangrike inset vir die land se landbou-, mynbou- en chemiese markte."

TFR en Transnet Engineering, wat die instandhouding van en herstelwerk aan Sasol se ammoniak-treine sal hanteer, verwag die inisiatief sal tot bykomende inkomste vir Transnet lei vanweë die verwagte toename in volumes.

Sasol verkoop jaarliks meer as 540 000 ton ammoniak, wat gebruik word in die vervaardiging van kunsmis en nywerheidschemikalieë vir die landbou, mynbou en tekstiel- en metaalbedryf.

## WYSIGINGSVOORSTELLE OOR OUTEURSREG

# 'Fliekbedryf sal ook ly' as dít wet word

## Katastrofiese gevolge wag, sê Animation SA

**Ruhan Friedrichs**

Die Wysigingswetsontwerp op Outeursreg hou nie net 'n bedreiging vir die land se kunste en kunstenaars in nie, maar sal ook 'n negatiewe invloed op die ekonomie en werkloosheidskoers hê indien dit in sy huidige formaat as wet aanvaar word.

Nick Cloete, Animation South Africa se hoof van beleid, sê die voorgestelde wet kan katastrofiese gevolge vir die rolprent- en oudiovisuele-kunstebedryf hê.

Die Nasionale Vergadering (NV) stem vandag daaroor.

"Die mense in die bedryf is ten gunste van 'n wysiging aan die wet en vra al lank dat dit gemoderniseer word om aan internasionale standaarde te voldoen, maar die konsepvorm wat nou voorgelê word, is lagwekkend.

"Dis nie deur kenners opgestel nie en sal beslis gewysig moet word voordat dit aanvaar word."

Die bewoording van die wysigings pla Cloete veral. "Daar is nie 'n duidelike raamwerk wat uitdruklik stipuleer wat wettig en onwettig is nie. Baie daarvan word oopgelaat vir interpretasie of noem 'n voorbeeld, gevolg deur 'en so aan'. Dit beteken uiteindelik dat daar nie perke gestel is nie en dat mense vrye toegang het tot die inhoud van iets wat normaalweg deur kopiereg beskerm sou word."

'n Voorbeeld van so 'n wysiging is dat 'n vervaardigingsmaatskappy 'n fliek, reeks of sepie vir slegs 25 jaar mag uitsaai. Daarna moet die maatskappy met elkeen wat betrokke was, hetsy 'n akteur of skrywer, van nuuts af onderhandel oor die volgende 25 jaar se tantième.

"Dis veronderstel om kunstenaars 'n bietjie mag te gee in die onderhandelingsproses, maar as een persoon uit daardie ellelange lys van erkennings nie tot die nuwe bepalings en voorwaardes instem nie, ly almal daaronder."

Dit beteken ook uiteindelik dat groot internasionale maatskappye, soos Netflix, in die toekoms nie reekse of flieks in Suid-Afrika sal wil verfilm nie omdat die wetgewing hulle kan beperk.

"As sulke maatskappye hulle aan Suid-Afrika onttrek, praat ons van honderde, selfs duisende, mense wat werkloos gelaat sal word. Hulle sal nie in die land kom skiet of Suid-Afrikaners se dienste gebruik nie," sê hy.



**Nick Cloete, Animation South Africa se hoof van beleid.**

"Stromingsdienste onderhandel en betaal die akteurs en personeellede dikwels vooraf. Met die wysigings kan die kunstenaars onderhandel om geen betaling te kry nie, maar eerder oor 'n paar jaar tantième te ontvang.

"Maar omdat intekenare op stromingsdienste nie vir 'n spesifieke reeks of rolprent betaal nie, is dit onmoontlik om vas te stel hoeveel tantième aan elke akteur verskuldig is."

Een voorgestelde wysiging is dat vervaardigers sonder 'n ooreenkoms met die skrywer 'n boek in 'n oudiovisuele aanbieding mag verwerk, sê Cloete.

Hy verwag die NV gaan die wysigingswetsontwerp aanvaar, ondanks betoë. Hy hoop dat die president dit dan na die konstitusionele hof sal verwys.

■ **Nog op bl. 21.**

OPENBARE KENNISGEWING

## VERSOEK VIR OPENBARE KOMMENTAAR OP DIE KONSEP VERORDENING OP OPENBARE PAAIE VIR DIE STAD JOHANNESBURG

Die publiek word hiermee uitgenooi om geskrewe kommentaar in te dien oor die konsep verordening vir openbare paaie ingevolge artikel 7(5) van die Wet op Rasionalisasie van Plaaslike Regeringsake 1998, artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regeringstelsels nr. 32 van 200. Die konsep verordeninge op openbare paaie word gewysig, gemoderniseer en hersien om konsekwent te wees met wetgewende vereistes en vir doeltreffende implementasie.

**Die doelwitte van die verordening op openbare paaie is:**

1. Om te verseker dat die pad-infrastruktuur 'n veilige en skoon omgewing bied vir voetgangers, fietsryers en motoriste.
2. Te adviseur oor aktiwiteite wat nie toegelaat word op die openbare padreserwe.
3. Te verseker dat enige werk wat in die padreserwe gedoen word, na behore gelas is deur die Wayleave-toestemmingsproses van die stad.
4. Te verseker dat geen persoon die raad se eiendom of werk langs enige openbare pad ontsier, mee gepeuter word of verwyder word.
5. Om parkeerplekke op openbare paaie en in straat-af parkeerareas aan te wys en te reguleer.
6. Om openbare respek te verseker vir die eksklusiewe gebruik van die fietsrybaan.

Die verordening op openbare paaie is daarop gemik om die regulasie en handhawing van padaktiwiteite te versterk deur ontwikkeling van die kultuur van respek vir die stad se padinfrastruktuur.

**'n Afskrif van die verordening op openbare paaie is beskikbaar by:** www.joburg.org.za en by die stad se streekskantore tydens besigheidsure 08:00 - 16:00 weeksdae. Die publiek het 60 dae vanaf die datum van hierdie advertensie om kommentaar te lewer en die finale datum is Donderdag 2 Mei 2024.

**Navrae en geskrewe kommentaar moet ingedien word by:**
tshepomaw@joburg.org.za en/of petermaoko@joburg.org.za

Uitgereik namens rdl. Makhosazana Cynthia Ndlela, voorsitter: Afdeling 79 vervoerkomitee

**Waarnemende raadsekretaris, mnr. Andile Gobinca, Stad Johannesburg Wetgewer, 4de vloer, Raadsaal-vleuel, Metro-sentrum, Civic Boulevard 158, Braamfontein, Johannesburg.**

CITY OF JOHANNESBURG METROPOLITAN MUNICIPALITY COUNCIL LEGISLATURE

Joburg a world class African city

www.joburg.org.za
@CityofJoburgZA
City of Joburg

DATHANXXX-B1290224



GAUTENG LEGISLATURE
Your View — Our Vision



**Hon. Refiloe Kekana**
Portefeuljekomitee: Omgewing, Landbou en Landelike Ontwikkeling (EARD in Engels)

## GPW NOOI DIE PUBLIEK OM KOMMENTAAR TE LEWER OOR DIE WETSONTWERP OP KLIMAATSVERANDERING

Die Portefeuljekomitee vir Omgewing, Landbou en Landelike Ontwikkeling (EARD in Engels) van die Gautengse Wetgewer nooi alle belanghebbende individue en organisasies om kommentaar te lewer oor die Wetsontwerp op Klimaatsverandering van 2022. Die Wetsontwerp beoog om 'n doeltreffende nasionale klimaatsveranderingsreaksie en regverdige oorgang na 'n lae-koolstof- en klimaatsgeharde ekonomie en -samelewing, daar te stel.

**DIE WETSONTWERP, WAT OP VOLHOUBARE ONTWIKKELING VIR SUID-AFRIKA FOKUS, BEOOG OOK OM:**

**01** 'n geïntegreerde reaksie op klimaatsverandering en die uitwerking daarvan in verband met beginsels van samewerkende regeerkunde deur die ekonomie en samelewing, te verseker.

**02** voorsiening te maak vir die doeltreffende bestuur van onvermydelike klimaatsveranderingsuitwerkings deur aanpassende vermoë te verhoog, gehardheid te versterk en klimaatsveranderingkwesbaarheid te verminder.

**03** maatskaplike, ekonomiese en omgewingsgehardheid en 'n voldoende nasionale aanpassingsreaksie op klimaatsverandering te bou.

**04** by te dra tot globale pogings om kweekhuisgaskonsentrasies in die atmosfeer te stabiliseer om sodoende gevaarlike menslike inmenging met die klimaat te vermy.

**BELANGHEBBENDE INDIVIDUE EN ORGANISASIES WORD GENOOI OM DEUR ENIGE VAN DIE VOLGENDE OPSIES, HUL INSAE TE LEWER:**

Woon op **Vrydag, 15 Maart 2024** om **10vm**. 'n openbare verhoor by te **Naledi-saal, Bonastraat, Soweto**.

Die sessie sal vanaf **10vm. op Vrydag, 15 Maart 2024** regstreeks op die wetgewer se **YouTube- en Facebook-kanale** gestroom word.

Rig skriftelike kommentaar aan Me. **Lebogang Mampe** (komiteekoördineerder) **lmampe@gpl.gov.za**

**Sluitingsdatum vir alle betoë is Vrydag, 22 Maart 2024.**

'n Voorafverhoorwerkswinkel sal op **Woensdag, 6 Maart 2024** van 1**0vm.** tot **2nm**. by die wetgewer gehou word om voor die openbare verhore die publiek in te lig oor die Wetsontwerp.

Kontak asseblief **Mnr. Ben Dhlomo** by **079 522 9131** vir meer inligting.

Besoek **www.gpl.gov.za** of kontak Me. **Lebogang Mampe** by **071 483 0221** of **Mnr. Ben Dhlomo** by **079 522 9131** vir meer inligting.

Follow us on:

www.gpl.gov.za